# MEMORANDUM VAN OOREENKOMS

tussen

SITALI JEWELLERS
(hierna genoem SITALI)

en

KATRINA PHILLIPS
ANNA CLOETE
REBECCA DE WET
RONALD JOSEPH
DEONALD CLOETE
STEVERT HANS

(hierna genoem die Kunstenaars)

## 1. DIE PARTYE

1.1 SITALI Jewellers (SITALI) is ‘n geregistreerde juweliers-onderneming, geregistreerd as BK 2000/0466456/23, verteenwordig deur Mnr Mischa Fritch.

1.2 Die Kunstenaars is die volgende individue, wie se verdere besonderhede hieronder voorkom.

KATRINA PHILLIPS
ANNA CLOETE
REBECCA DE WET
RONALD JOSEPH
DEONALD CLOETE
STEVERT HANS

## 2. DIE OOREENKOMS

Hierdie ooreenkoms is ‘n gesamentlike ooreenkoms tussen SITALI en die Kunstenaars, in terme waarvan SITALI die kopieregte ten opsigte van die tekeninge van die Kunstenaars bekom, en onderneem om hulle in verskeie kommersieële produkte te probeer gebruik, onderhewig aan sekere pligte soos hieronder verder uiteengesit.

SITALI word verwag om alles in sy vermoë te doen om die tekeninge in suksesvolle produkte te gebruik, wat op die wereldmark bemark en verkoop sal word. SITALI het die alleenreg om te besluit hoe hy die produkte sal ontwerp en bemark, en behou die reg om die tekeninge verder te gebruik om reklame of publisiteit of bemarking van die produkte te bevorder.

## 3. DIE TEKENINGE

Sekere oorspronklike tekeninge of beelde wat deur die Kunstenaars geteken is, word hiermee deur SITALI geselekteer en bekom. Hierdie oorspronklike tekeninge is die onderwerp van hierdie ooreenkoms. Die name van die Kunstenaars, en die beskrywing van die spesifieke tekeninge

wat aan elke Kunstenaar hoort, word op die aanhangsel A uiteengesit en word hierby aangeheg.

## 4. KOPIEREG OP TEKENINGE

Die tekeninge word deur SITALI met volle kopiereg bekom, vir solank as hierdie ooreenkoms duur, of totdat die Kunstenaar besluit om 'n spesifieke tekening uit die ooreenkoms te trek. Dit beteken dat SITALI die volle intellektuele eindomsreg het, wat deur die Kunstenaars toegewys is, om hierdie tekeninge te gebruik in enige manier in enige deel van die wereld om produkte te ontwerp en om 'n produk reeks wat die tekeninge bevat in die wereld-mark te loods. SITALI behou dus die reg om beelde of kopieë van die tekening op enige moontlike manier in enige deel van die wêreld te laat maak of gebruik of versprei, sonder uitsondering.

Die Kunstenaars, individueel asook gesamentlik, behou die reg om ten enige tyd en met geskrewe kennis van drie (3) maande, die tekeninge wat hulle in die gesamentlike onderneming geplaas het, uit die ooreenkoms te trek. Daarna sal die volle kopiereg ten opsigte van alle tekeninge wat terug getrek is, weer aan die Kunstenaar of Kunstenaars behoort.

## 5. BETALING VAN TANTIEME

SITALI onderneem hiermee om 'n tantiem aan die Kunstenaars te betaal vir elke gebruik van 'n tekening, wat verkoop word. Die tantiem word eers betaalbaar op die datum van die verkoop van die produk wat die tekening bevat.

5.1 SITALI sal 'n tantiem bedrag skriftelik met betrekking tot elke soort produk wat hy ontwerp , voorstel, wat onder ander goud, silver en ander metaal kan wees, en wat deel van 'n halsnoer, armband, ring, oorring, of ander juweliersstuk mag vorm.

5.2 SITALI onderneem om ten minste elke drie maande, maar indien moontlik maandeliks afhangende van verkope, betaling aan die Kunstenaars op 'n doeltreffende en praktiese manier te maak. Terselfdetyd sal SITALI 'n skriftelike uiteensetting van verkope voorsien, wat duidelik die produk-verkope asook die bedrag betaalbaar aan elke Kunstenaar sal uiteensit.

## 6. ONDERNEMING DEUR SITALI

SITALI onderneem om op 'n deursigtige manier alle transaksies en kostes ten opsigte van die gebruik en bemarking van produkte wat die tekeninge bevat, behoorlik op te teken. Hierdie informasie sal op SITALI se periodieke verslag aan die Kunstenaars voorkom, en sal ook te enige redelike tyd en na redelike kennisgewing beskikbaar gestel word om deur 'n persoon deur die Kunstenaars aangestel, ondersoek te word. Verder sal SITALI poog om kontak met die Kunstenaars via hulle genomineerde kontakpunt te behou om die verhouding te koester en om moontlike nuwe maniere van samewerking te laat geskied.

## 7. ONDERNEMING DEUR KUNSTENAARS

Die Kunstenaars onderneem om hierdie kontrak te eerbiedig, en om deurentyd SITALI se posisie as hulle verkose kommersieële vennoot te waardeer. Hulle onderneem verder om 'n gesamentlike adres en kontak person te nomineer vir administratiewe doeleindes, en om bankrekeninge oop te maak, ten einde die praktiese kommunikasie tussen SITALI en die Kunstenaars, asook oordrag van tantieme, te vergemaklik.

## 8. DOMICILIUM

Die partye kies die volgende addresse vir die bediening van alle dokumente en korrespondensie met betrekking tot hierdie ooreenkoms.

8.1 **SITALI** adres p/a Montebello, Newlands laan

31, Claremont, Kaapstad

Telefoon 021 6899561

Kontak persoon Mischa Fritsch

8.2 **Die Kunstenaars** adres XXX___________________

___________________________

Telefoon XXX

Kontak persoon XXX

## 9. ALGEMEEN

9.1 Hierdie is die enigste ooreenkoms tussen die partye. Enige veranderinge of amendemente moet op skrif gestel word, en deur alle partye geteken word, alvorens dit van krag word

9.2 HIerdie is ‘n “goede trou” ooreenkoms tussen vennote. Die partye erken dus dat hulle ten alle tye sal poog om enige verskille tussen hulle deur samesprekings en onderhandelinge op te los, alvorens ander oplossings oorweeg word.

9.3 Dit staan die partye vry om hulle verhouding en die gesamentlike onderneming hierin vasgelê op goeie gronde te hersien, herevalueer en/of te heronderhandel.

9.4 Termyn. Hierdie gesamentlike onderneming tussen SITALI en die Kunstenaars is sonder termyn, en sal duur vir solank as dit die belange van die partye dien. Partye sal nie ligtelik die beëindiging van hierdie ooreenkoms oorweeg nie, en onderneem om enige probleme eers met mekaar te probeer uitstryk.

**Aldus geteken deur SITALI, in die teenwoordigheid van sy getuienisse, op die ______ dag van ____________ 2009**

Getuies1______________________

2 _____________________

____________________________________

**SITALI CC**

**Aldus geteken deur die Kunstenaars, in die teenwoordigheid van hulle getuienisse,**
**op die ______ dag van ____________ 2009**

Getuies1______________________

2 _____________________

________________________________

KATRINA PHILLIPS

________________________________

ANNA CLOETE

________________________________

REBECCA DE WET

________________________________

RONALD JOSEPH

________________________________

DEONALD CLOETE

________________________________

STEVERT HANS

AANHANGSEL A

SKEDULE VAN KUNSTENAARS & KUNSWERKE/ TEKENINGE

| KUNSTENAAR NAAM | | ADRES | TEKENINGE |
|---|---|---|---|
| 1 | KATRINA PHILLIPS | | |
| 2 | ens | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| 5 | | | |
| 6 | | | |